
# 453 U eew'ge arms is onder ons




Maak groot u Naam op hierdie plek,
'n altaar tot u ere;
laat elkeen wat hier neerkniel, weet:
Ook hier spreek God die Here.

Ons hoor u woord, hoor ons gebed,
aanbiddend kom ons nader;
breek self u brood, wys op u Wet,
u Kerk is hier vergader.

Vervul ons met u Heilig Gees,
dis U wat ons gebou het;
laat hierdie plek getuie wees
dat ons op U vertrou het.

Dis alles nuut; U hoor ons lied
by arbeid se bekroning,
ons jubel in u lieflikheid,
o, God, U is ons woning.

Izak L. de Villiers (1936-2009) Boheme (1595) / M. Praetorius (1610)